**Animal cruelty**

32. Any person who-

- (a) possesses, keeps, imports, buys, sells, trains, breeds or has under his or her control an animal for the purposes of fighting any other animal;
- (b) baits, provokes or incites any animal to attack another animal or to proceed with the fighting of another animal;
- (c) for financial gain or as a form of amusement promotes animal fights;
- (d) allows any of the acts referred to in paragraphs (a) to (c) to take place on any premises or place in his or her possession or under his or her charge or control;
- (e) owns, uses or controls any premises or place for the purpose or partly for the purpose of presenting animal fights on such premises or place or who acts or assists in the management of such premises or place, or who receives any consideration for the admission of any person to such premises or place; or
- (f) is present as a spectator at any premises or place where any of the acts referred to in paragraphs (b) to (e) is taking place or where preparations are being made for such acts,  
  
is guilty of an offence and liable on conviction to a fine of R 20 000.00 (twenty thousand rand) or to imprisonment for a period not exceeding two years;
- (g) In any prosecution it is presumed, unless the contrary is proved, that an animal that is found at any premises or place is the property or under the control of the owner of those premises or that place, or is the property or under the control of the person who uses or is in control of the premises or place.

## CHAPTER 6

### Duties of pound master

#### 33. A pound master-

- (a) (i) must keep the pound open between 08h00 and 16h30 from Monday to Friday and Saturday between 08h00 and 12h00 unless any such day is a public holiday;
- (ii) may, notwithstanding the provisions of subparagraph (i), keep the pound open during such earlier or later hours as he considers necessary, subject to displaying an easily legible notice to that effect at the entrance to the pound;
- (b) must accept, take charge of and impound any animal brought to the pound with a view to impounding it, during the hours when the pound is open and must, subject to the further provisions of this By-Law, detain that animal in the pound: Provided that the pound master may refuse to receive, or may release any animal if he or she reasonably believes that such animal was not lawfully taken into custody or impounded;
- (c) must keep a register in which the following particulars of any animal are recorded:
  - (i) the name of the authorised official or the name, residential address and telephone number of any other person who brought the animal to be impounded;
  - (ii) the time at which and date on which the animal was impounded;
  - (iii) the place where the animal was found immediately before it was taken into custody;
  - (iv) the date on which and the time at which the animal was taken into custody before being brought to the pound;
  - (v) the reason for impounding the animal;
  - (vi) a description of the animal indicating the estimated age, breed, sex, colour, markings and any injury found on the animal when the poundmaster accepted it;
  - (vii) whether the animal was released, sold or destroyed and the date and time of such release, sale or destruction;
  - (viii) the amount or money realised in respect of such release or sale;
  - (ix) the amount of veterinary expenses, if any, incurred in respect of the animal;
- (d) must ensure that the pound and all equipment used in connection with impounding animals are at all times kept in a clean condition and free from flies and other vermin, to the satisfaction of the Council's Executive Director: Health;

- (e) must ensure that every animal in the pound is properly fed and cared for;
- (f) must isolate any female animal on heat;
- (g) must take all reasonable steps to prevent fighting amongst animals in the pound;
- (h) must isolate any diseased animal from the healthy animals, have such animal attended to by a veterinarian and take all steps to recover the expenses incurred in this regard from the owner if the identity and address of the owner are known;
- (i) must take all necessary steps to have any animal destroyed as contemplated in this By-Law and recover any expenses incurred in this regard from the owner if the identity and address of the owner are known;
- (j) must take all reasonable steps to ensure that animals are re-homed and not destroyed;
- (k) must levy the prescribed fees for impoundment and daily holding fees in respect of any animal;
- (l) may cause any animal to be sterilised and provide it with identification as set out in sections 6(i) and 14(6) and recover the costs thereof from the claimant provided that the claimant may provide for consideration a motivation as to why the animal should not be sterilised;
- (m) must cause any animal to be sterilised and provide it with identification as set out in sections 6(i) and 14(6) prior to releasing the animal from the pound to any person other than the original owner thereof; and
- (n) must scan any animal taken into custody by an authorised official for the purposes of detecting a microchip.

## CHAPTER SIX

### MISCELLANEOUS

#### Offences and penalties

#### 34. (1) Any person who -

- (a) contravenes or fails to comply with any provisions of this By-law or with any order or notice lawfully issued thereunder commits an offence; and
- (b) continues to commit an offence after notice has been served on him or her to cease committing such offence or after he has been convicted of such offence shall be guilty of a continuing offence.

(2) Any person convicted of an offence under this By-law shall be liable to a fine or imprisonment for a period not exceeding two years.

(3) In the case of a continuing offence an additional fine or imprisonment for a period not exceeding ten days for each day on which such offence continued may be imposed or both a fine and imprisonment.

(4) Any court convicting any person of keeping any animal which is not kept under control in accordance with the provisions of this By-law may, in addition to the penalty referred to in subsection (2), order the destruction of the animal concerned, and thereupon an authorised official may destroy such animal.

#### **Application to the State and Council**

35. These By-laws bind the State and the Council.

#### **REPEAL**

36. The following By-laws are hereby repealed:

- (a) Kuilsriver Municipality By-law relating to the keeping of dogs as published in Provincial Notice No. 1027 of 1977;
- (b) Milnerton Municipality By-law relating to the control of dogs as published in Provincial Notice No. 481 of 1987;
- (c) Brackenfell Municipality By-law relating to the keeping of dogs as published in Provincial Notice No. 190 of 1979 and Amendment of By-law relating to the keeping of dogs as published in Provincial Notice No. 510 of 1990;
- (d) Kraaifontein Municipality By-law for the Control of dogs as published in Provincial Notice No. 669 of 1979 and Amendment to the By-law for the control of dogs as published in Provincial Notice No. 526 of 1982;
- (e) Divisional Council of Stellenbosch By-law relating to the keeping of dogs as published in Provincial Notice No. 692 of 1979;
- (f) Fish Hoek Municipality dog control by-law as published in Provincial Notice No. 675 of 1979;
- (g) Simonstown Municipality Regulations relating to the keeping of dogs as published in Provincial Notice No. 549 of 1963;
- (h) City of Tygerberg By-law relating to the control of dogs as published in Provincial Notice No. 567 of 2000;
- (i) Cape Town Municipality By-law for the control of dogs as published in Provincial Notice No. 658 of 1981;
- (j) Cape Divisional Council By-law relating to the control of dogs as published in Provincial Notice No. 781 of 1985;

- (k) Part 2 of the Environmental Health By-law of the City of Cape Town as published in the Provincial Gazette Extraordinary dated 30 June 2003.

#### **Transitional provisions**

**37. (1)** A nine month transitional period for the registration of dogs in terms of section 3(1) and section 3(2) of this By-law will apply from the date of promulgation of this By-Law by publication in the Gazette.

(2) Applications in terms of section 4(1) of this By-Law to keep a greater number of dogs on premises than the number permitted in terms of section 2(2), will in the first six months after promulgation of this By-Law, be granted up to a maximum of six dogs on any premises, subject to the owner not replacing any dog that dies or is disposed of if it would result in a contravention of section 2(2).

(3) Applications to keep a greater number of cats on premises than the number permitted in terms of section 14(2), will in the first six months after promulgation of this By-Law, be granted up to a maximum of six cats on any premises, subject to the owner not replacing any cat that dies or is disposed of if it would result in a contravention of section 14(2).

(4) Section 6(i) and section 14(6) of this By-law takes effect after a period of six months has elapsed since the date of promulgation of this By-Law by publication in the Gazette.

(5) Section 17 (7) of this By-Law takes effect after a period of six months has elapsed since the date of promulgation of this By-Law by publication in the Gazette.

(6) Section 12(1) and section 15(1) of this By-Law takes effect after a period of six months has elapsed since the date of promulgation of this By-Law by publication in the Government Gazette.

#### **Short title**

**38.** This By-law is called the City of Cape Town: Animal By-Law, 2010.



## STAD KAAPSTAD

### VERORDENING OP DIERE, 2010

#### AANHEF

**NADEMAAL** voormalige munisipaliteite binne die regsgebied van die Stad Kaapstad ontbind is om een munisipaliteit te vorm met wetgewende en uitvoerende bevoegdhede oor alle gebiede van sodanige voormalige munisipaliteite;

**NADEMAAL** daar 'n behoefte daaraan is om een stuk wetgewing te ontwikkel wat die beheer van diere, met inbegrip van honde, katte en werkperde, deur die Stad heen gelykvormig bestuur;

**NADEMAAL** die Stad die bevoegdheid ingevolge die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika het om verordeninge uit te vaardig en toe te pas vir die doeltreffende administrasie van die aangeleenthede wat hy die reg het om te administreer;

**NADEMAAL** die Stad ingevolge deel B, skedule 5, van die Grondwet die bevoegdheid het met betrekking tot die beheer van openbare oorlas, skutte, geriewe vir die akkommodasie, versorging en begrawe van diere, die lisensiëring van honde, munisipale paaie, verkeer en parkering, en ingevolge deel B, skedule 4, van die Grondwet die bevoegdheid ten opsigte van munisipale gesondheidsdienste het;

**VERORDEN** die raad van die Stad Kaapstad DUS NOU soos volg:-

#### HOOFSTUK EEN

#### INTERPRETASIE

#### Definisies

1. In dié verordening, tensy die konteks andersins aantoon-

beteken "**aanliggende buurman wat geraak word**" 'n buurman wie se eiendom regstreeks aanliggend aan die gemeenskaplike grens van die aansoeker is, of wat oorkant of skuins teenoor die aansoeker se perseel geleë is;

beteken "**bespanne voertuig**" 'n standaard-ontwerpte wa met as en disselbome wat deur middel van 'n harnas aan die werkperd vas is;

beteken "**dier**" perd, ponie, muil, donkie, vee, vark, skaap, bok, kameel, reptiel, hond, kat of ander huisdier, inheemse dier en ander wilde of eksotiese dier, maar vir die doeleindes van hoofstuk vyf sluit dit honde, katte en werkperde uit in die mate wat hulle afsonderlik in ander hoofstukke gereguleer word;

beteken "**eienaar**" ten opsigte van 'n hond, kat of werkperd enige persoon wat in besit of bevel van sodanige hond, kat of werkperd is, of wat toesig of beheer daarvoor het;

beteken **"gemagtigde amptenaar"** 'n amptenaar gemagtig ingevolge artikel 8 van die Wet op Dierebeskerming, Wet 71 van 1962, en enige amptenaar van die raad wat deur die raad gemagtig is om die bepalings van dié verordening toe te pas;

beteken **"gesondheidsoorlas"** enige aktiwiteit, toestand, perseel of voorwerp wat vanweë uitvloeiende dampe, chemiese reuke, slegte reuke, geraas, vibrasie, uitstraling, vullis, afvalprodukte, vuilheid, chemiese of biochemiese materiaal, mikrobiële besmetting, parasiete, plantegroei, oorbewoning, gebrek aan behoorlike algemene hygiëne, ventilasie, verligting, ontwerp, situasie of weens enige ander oorsaak of praktyk ook al, na die mening van die uitvoerende direkteur: gesondheid of behoorlik gemagtigde raadswerknemer potensieel nadelig of gevaarlik vir gesondheid is of wat onaangenaam is, met inbegrip van, sonder om aan die algemeenheid van die voorgaande afbreuk te doen, enige fasiliteit vir die berging, verspreiding of hantering van water wat mense waarskynlik vir huishoudelike doeleindes of verbruik gaan aangewend, met inbegrip van die water self, wat besmet of besoedel is;

beteken **"gidshond"** 'n hond wat opgelei is om 'n blinde of swaksiene persoon te help, met inbegrip van 'n dienshond wat opgelei is om 'n persoon te help wat geestelik of liggaamlik gestrem is;

beteken **"groot woonhuis"** 'n woonhuis op 'n erf wat groter as seshonderd vierkante meter is;

beteken **"hond"** 'n reu of 'n teef van enige ouderdom, tensy andersins gespesifiseer;

beteken **"hondehawe"** 'n perseel waarop –

- (a) verblyffasiliteite vir honde voorsien word;
- (b) honde vir kommersiële doeleindes geteel word;
- (c) honde aangehou word met die oog op opleiding of verhuring, met of sonder hanteerders; of
- (d) honde vir kommersiële veiligheidsdoeleindes aangehou word;

beteken **"karkas"** die oorskot van enige dier of pluimvee;

beteken **"kat"** 'n mannetjies- sowel as wyfiekat van enige ouderdom, tensy andersins gespesifiseer;

beteken **"kattehawe"** 'n perseel waarop –

- (a) verblyffasiliteite vir katte voorsien word; of
- (b) katte vir kommersiële doeleindes geteel word;

beteken **"landbou-eiendom"** grond wat ingevolge enige van die raad se dorpsbeplanningskemas of enige ander wet vir landbougebruik gesoneer is;

beteken **"openbare plek"** en **"openbare straat"** –

- (a) 'n openbare pad;

- (b) enige parkeerterrein, plein, park, ontspanningsterrein, sportterrein, nagkarsteeg, oop ruimte, strand, winkelsentrum op munisipale grond, ongebruikte of onbeboude munisipale grond of begraafplaas wat –
- (i) in verband met enige onderverdeling of uitleg van grond in erwe, persele of hoewes voorsien is of opsy gesit is vir gebruik deur die publiek of die eienaars of okkupante van sodanige erwe, persele of hoewes, hetsy dit op 'n algemene plan, onderverdelingsplan of diagram getoon word, al dan nie;
  - (ii) te eniger tyd aan die publiek opgedra is;
  - (iii) ononderbroke deur die publiek gebruik is vir 'n tydperk van minstens dertig jaar wat na 31 Desember 1959 verstryk het; of
  - (vi) te eniger tyd as sodanig verklaar of beskikbaar gestel is deur die Stad of ander bevoegde owerheid; of
- (c) 'n openbarevervoer-motorvoertuig, maar sluit nie openbare grond in wat deur die Stad verhuur of andersins vervreem is nie;

beteken "**permit**" die skriftelike toestemming wat die raad ingevolge dié verordening verleen het;

beteken "**perseel**" enige gebou, tent of enige ander struktuur, tesame met die grond waarop dit geleë is, sowel as die aanliggende grond wat ten opsigte daarvan gebruik word en enige grond sonder geboue of tente, en sluit enige voertuig, vervoermiddel, skip of boot in; sluit "**persoon**" enige regeringsfeer, regs- of natuurlike persoon in;

beteken "**pluimvee**" enige hoender, gans, volstruis, eend, posduif, duif, kalkoen, makou, tarentaal, pou of voël in, hetsy mak of wild;

beteken "**raad**" –

- (a) Die raad van die Stad Kaapstad gestig ooreenkomstig Provinsiale Kennisgewingno. 479 van 2000, uitgevaardig ingevolge artikel 12 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, Wet 117 van 1998;
- (b) 'n regsopvolger;
- (c) 'n struktuur of persoon wat 'n gedelegeerde bevoegdheid of 'n opdrag uitvoer, waar enige bevoegdheid in dié Verordening gedelegeer of gesubdelegeer is, of 'n opdrag gegee is, soos bedoel in artikel 59 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000; of
- (d) 'n diensverskaffer wat 'n ingevolge dié Verordening 'n verantwoordelikheid uitvoer wat ingevolge artikel 81(2) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, of enige ander wet aan hom/haar opgedra is;

beteken "**skut**" 'n plek wat die raad ingevolge enige wet aangewys het vir die skut, verkoop en van kant maak van diere, met inbegrip van 'n dierewelsynsorganisasie wat deur die raad erken word;

beteken "skutmeester" 'n persoon wat deur die raad aangestel is om in bevel van 'n skut te wees;

beteken "struktuur" enige stal, skuthok, varkhok, kraal, voëlhok, veekamp, dekkingstruktuur, hoenderhuis, afkamping, loophok, solder of gebou wat vir die aanhou, huisvesting of afkamping van diere of pluimvee gebruik word; en

beteken "werkperd" 'n perd, donkie, muil of esel wat geskik is om 'n bespanne voertuig te trek wat vir geldelike gewin gebruik word;

beteken "woonhuis" 'n enkele gebou wat as woning vir die gebruik van 'n enkele gesin ontwerp is en wat geleë is op 'n perseel wat nie meer as twee sodanige gebouehuisves nie;

beteken "wooneenheid" 'n ander onderling verbindende suite kamers as 'n woonhuis, met inbegrip van 'n kombuis of opwasplek, wat vir bewoning deur 'n enkele gesin ontwerp is, ongeag of sodanige eenheid 'n enkele gebou is of deel uitmaak van 'n gebou wat uit meer as een sodanige eenheid bestaan.

## HOOFSTUK TWEE

### HONDE

#### Beperking op getal honde

2. (1) Die raad mag die getal honde bepaal wat op enige perseel aangehou kan word.

(2) By afwesigheid van 'n bepaling gemaak ingevolge die bepalings van subartikel (1), en onderhewig aan die bepalings van subartikels (3) en (4), mag geen persoon meer as –

- (a) twee honde ouer as ses maande in of by 'n wooneenheid aanhou of laat aanhou nie;
- (b) drie honde ouer as ses maande in of by 'n woonhuis aanhou of laat aanhou nie;
- (c) vier honde ouer as ses maande in of by 'n groot woonhuis aanhou of laat aanhou nie;
- (d) ses honde ouer as ses maande op 'n landbou-eiendom aanhou of laat aanhou nie;
- (e) drie honde ouer as ses maande op of by enige ander perseel aanhou of laat aanhou nie.

(3) Subartikel (2) is nie van toepassing op enige persoon wat –

- (a) die houer is van 'n permit uitgereik ingevolge artikel 4 om 'n groter getal honde aan te hou nie;
- (b) die houer van 'n permit is om 'n hondehawe te bedryf nie;
- (c) die eienaar of bestuurder van 'n troeteldierwinkel is of in bevel daarvan is nie, en wat skriftelike bewys het dat alle honde onder bevel van sodanige eienaar of bestuurder teen hondesiekte, hepatitis, hokhoes en katgriep (parvovirus) ingeënt is;

- (d) die eienaar van 'n groot perseel is of in bevel is daarvan, waar gidshonde aangehou of opgelei word nie; en sodanige honde aangehou of opgelei word onder beskerming van die SA Gidshondvereniging;
- (e) die eienaar of bestuurder van 'n veeartsenykliniek is nie; of
- (f) in bevel is van honde wat deur die metropolisedepartement van die raad, soos gespesifiseer in paragraaf (a) van die definisie van "raad", die Suid-Afrikaanse Polisie of die Suid-Afrikaanse Weermag besit word, en wat vir teel- of operasionele doeleindes aangehou word nie;
- (g) 'n skut bedryf nie.

(4) 'n Persoon wie se permit om 'n hond aan te hou, gekanselleer is, of uit wie se sorg 'n hond voorheen verwyder is, of wat 'n vorige kriminele veroordeling of 'n siviele uitspraak teen hom of haar het ten opsigte van 'n dier in sy of haar sorg, mag nie 'n hond aanhou nie, tensy die raad andersins bepaal.

#### **Lisensiering en registrasie van honde**

3.(1) Die eienaar van 'n eiendom waar 'n hond of honde aangehou word, moet die hond of honde by die raad registreer.

(2) Honderegistrasie moet plaasvind binne vier maande na die hond se geboorte of binne 30 dae na 'n hond verkry is op eiendom binne die grense van die raad se regsgebied.

(3) Die raad kan hondelisenstegeld hef ten opsigte van 'n eiendom waar 'n hond of honde aangehou word.

(4) Die bedrag van die hondelisenstegeld kan ingevolge 'n raadsbesluit bepaal word. 'n Verminderde hondelisenstegeld kan op honde van toepassing wees wat gesteriliseer is.

#### **Permitte om meer as die voorgesrewe getal honde aan te hou**

4. (1) Enige persoon wat 'n groter getal honde op persele wil aanhou as die getal wat ingevolge artikel 2(2) toegelaat word, moet by die raad om 'n permit aansoek doen.

(2) 'n Aansoek ingevolge subartikel (1) moet skriftelik op 'n voorgeskrewe vorm ingedien word, en moet van die voorgeskrewe gelde vergesel word.

(3) Die raad kan vereis dat die aansoeker enige inligting verstrek wat die raad toepaslik ag om 'n ingeligte besluit te neem.

(4) Die raad kan weier om 'n aansoek ingevolge subartikel (1) te oorweeg ten opsigte waarvan daar nie aan die bepalings van subartikel (2) voldoen is nie, of waar inligting bedoel in subartikel (3) nie verskaf is nie.

(5) Die raad kan 'n aansoek ingevolge subartikel (1) slegs oorweeg na ontvangs van 'n skriftelike verslag van 'n gemagtigde amptenaar –

- (a) of die hond waarvoor die permit verlang word, dalk 'n openbare gesondheidsgevaar kan veroorsaak, en of die aanhou van sodanige hond tot 'n oortreding van artikel 6 kan lei;
- (b) waarin die resultate uiteengesit word van 'n inspeksie van die perseel waarop die betrokke hond aangehou word of aangehou gaan word; en
- (c) of 'n hond voorheen uit die aansoeker se sorg verwyder is, en of hy of sy 'n vorige kriminele oortreding of siviele uitspraak ten opsigte van 'n hond in sy of haar sorg teen hom of haar het.

(6) Die raad kan 'n aansoek ingevolge subartikel (1) van die hand wys, of dit goedkeur, onderhewig aan enige voorwaardes wat daarop gemik is om die risiko daarvan te verminder dat enige openbaregesondheidsgevaar wat die honde op die betrokke perseel kan veroorsaak, voorkom, voortduur of weer voorkom, of om sodanige risiko te verminder tot 'n vlak wat vir die raad aanvaarbaar is.

(7) Ten opsigte van enige aansoek wat ingevolge subartikel (6) goedgekeur is, moet 'n gemagtigde amptenaar 'n permit op 'n voorgeskrewe vorm uitreik waarop elke voorwaarde gespesifiseer word wat die raad opgelê het.

(8) 'n Permit is nie oordraagbaar van een persoon na 'n ander, of van die perseel ten opsigte waarvan dit uitgereik is, na ander persele nie.

#### **Wysiging, opskorting en kansellering van permitte**

5. Die raad kan, na oorweging van 'n verslag en 'n aanbeveling deur 'n gemagtigde amptenaar of veearts, deur middel van skriftelike kennisgewing aan die houer van 'n permitbedoel in artikel 4 –

- (a) sodanige permit wysig, opskort of kanselleer as hy oortuig is dat versuim om dit te doen, sou lei tot –
  - (i) die skepping of voortsetting van 'n openbare gesondheidsgevaar; of
  - (ii) 'n voortgesette oortreding van enige bepaling van artikel 6;
- (b) dadelik ingaande sodanige permit wysig, opskort of kanselleer as –
  - (i) sodanige amptenaar van mening is dat dit dringend nodig is om dit te doen om daardeur 'n wesentliche risiko wat 'n openbaregesondheidsgevaar of moontlike openbaregesondheidsgevaar inhou, vir die publiek uit te skakel of te verminder; of
  - (ii) daar 'n kriminele saak teen die permithouer aanhangig is of 'n siviele saak waarin die permithouer 'n party is, waarby 'n dier in sy of haar sorg betrokke is.

**Verbodsbepalinge wat met die aanhou van honed verband hou****6. Geen persoon mag -**

- (a) enige teef in oestrus wat hy of sy besit of deur hom of haar aangehou word, toelaat om op enige openbare straat of openbare plek te wees nie;
- (b) enige hond aanhits om enige persoon of dier aan te val, lastig te val of skrik te maak, of deur nalatigheid versuim om enige hond te verhoed om enige persoon of dier aan te val, lastig te val of skrik te maak nie, behalwe waar dit ter verdediging van sodanige eersgenoemde persoon of sy of haar eiendom of enige ander persoon is;
- (c) enige hond aanhou wat skade aan openbare eiendom aanrig nie;
- (d) enige hond aanhou waarvan hy of sy versuim om sodanige hond se ontlasting gereeld te verwyder en op 'n paslike wyse daarmee weg te doen nie;
- (e) enige hond aanhou wat meer as altesaam ses minute in enige uur of meer as altesaam drie minute in enige halfuur blaf, kef, tjank of kerm nie;
- (f) enige hond aanhou wat honger ly, ondervoed is of nie water of toereikende skuiling het nie;
- (g) enige hond aanhou wat 'n oorlas vir die buurt se inwoners is aangesien die hond:
  - (i) die aangeleerde gewoonte het om enige voertuig, diere, pluimvee, duiwe of persone te jaag buite enige perseel waar sodanige hond aangehou word; of
  - (ii) deur hom/haar op enige ander wyse te wangedra;
- (h) enige hond wat hy of sy besit of deur hom of haar aangehou word -
  - (i) toelaat om op enige openbare straat of openbare plek te wees terwyl sodanige hond aan brandsiekte of enige ander besmetlike of aansteeklike siekte ly nie, en nie kan bewys dat die hond deur 'n geregistreerde veearts behandel word en nie meer 'n openbaregesondheidsgevaar inhou nie;
  - (ii) en wat na mening van die gemagtigde amptenaar wild, kwaai of gevaarlik is, toelaat om op enige openbare straat of openbare plek te wees nie, tensy sodanige hond op 'n menslike wyse gemuilband is, aan 'n leiband is en onder beheer is;
  - (iii) toelaat om op privaat eiendom te oortree nie;

- (v) toelaat om 'n verkeersgevaar te wees deur enige openbare straat te gebruik nie;
- (vi) toelaat om 'n bron van gevaar of besering, of na sy of haar wete waarskynlik 'n bron van gevaar of besering, uit te maak vir enige persoon buite die perseel waar sodanige hond gehou word nie; of
- (vi) toelaat om op enige openbare straat of openbare plek te wees, behalwe aan 'n leiband en onder beheer nie, tensy die hond in 'n gebied is wat deur die raad bestem is as 'n gebied waar sodanige hond vry kan hardloop;
- (i) enige hond aanhou wat nie aan sy of haar halsband of op sy of haar mikroskyfie 'n naam, telefoonnommer en fisiese adres of verwysing na 'n vereniging vir die voorkoming van wreedheid teenoor diere of geregistreerde dierewelsynsorganisasie het nie;
- (j) enige hond tart, teister of terg nie.

#### **Beslaglegging op, skut en van kant maak van honde**

7.(1) 'n Gemagtigde amptenaar mag op enige hond beslag lê of dit skut op 'n plek wat die raad aangewys het, as sodanige hond -

- (a) van kant gemaak kan word ingevolge die bepalings van subartikel (10) of enige ander wet;
- (b) na sy of haar mening aan brandsiekte of enige ander besmetlike of aansteeklike siekte ly;
- (c) na sy of haar mening 'n gevaar inhou vir verkeer wat enige openbare straat gebruik;
- (d) los loop en klaarblyklik sonder eienaar is;
- (e) op enige openbare plek of openbare straat gevind word waar sodanige hond, na die mening van die gemagtigde amptenaar, nie aan 'n leiband of onder behoorlike beheer is nie, tensy die hond in 'n gebied is wat deur die raad as vryhardloopegebied aangewys is;
- (f) enige perseel binnegaan terwyl 'n gemagtigde amptenaar daarop probeer beslag lê;
- (g) honger ly of ondervoed is of water of toereikende skuiling ontsê word; of
- (h) in stryd met artikel 2 of artikel 6 aangehou word.

(2) Enige persoon mag op 'n perseel waarvan hy of sy die eienaar of bewoner is, op enige hond wat daarop of daarin oortree, beslag lê met die doel om dit te laat skut.

(3) Ondanks die bepalings van subartikels (1) en (2), mag geen persoon op 'n hond beslag lê met die oog daarop om dit te laat skut as daar redelike gronde is om te glo dat die hond 'n teef is



waarvan die kleintjies nog nie gespeen is nie, tensy sodanige hond en ongespeende kleintjies saam gevang word;

- (4) Enige persoon wat ingevolge dié artikel op 'n hond beslag gelê het -
- (a) moet sorg dat die hond nie mishandel word nie; en
  - (b) mag, ingeval die skut gesluit is, die hond in sy of haar bewaring hou tot die skut weer oopmaak.
- (5) Geen persoon mag enige hond vrylaat waarop 'n gemagtigde amptenaar beslag gelê het of wat ingevolge dié artikel in bewaring gehou word of wat geskut is nie.
- (6) Die raad moet rekord hou van alle honde waarop daar ingevolge dié verordening beslag gelê is en wat geskut is, en die soort, merke en onderskeidende eienskappe (as daar is) van sodanige honde opteken, sowel as die laaste datum vir hulle vrylating of andersins, en sodanige rekords moet gedurende kantoorure by die raadskantore vir die publiek ter insae beskikbaar wees.
- (7) Enige persoon kan 'n geskutte hond opeis as hy of sy -
- (a) die skutmeester tevrede stel dat hy of sy die eienaar is of andersins op bewaring van die betrokke hond geregtig is;
  - (b) die skutmeester tevrede stel dat die vrylating van die hond in sy of haar bewaring nie daartoe sal lei dat enige bepaling van artikels 2 of 6 oortree word nie; en
  - (c) die voorgestelde gelde en bedrag van veeartsuitgawes wat ten opsigte van die hond aangegaan is, as daar is, aan die skutmeester betaal.
- (8) 'n Hond wat ingevolge subartikel (1) geskut is, buiten 'n hond wat ingevolge subartikel (1)(b) geskut is, moet aan die eienaar of persoon wat dit aanhou, oorhandig word by betaling van die gelde soos vasgestel deur die raad.
- (9) 'n Hond wat ingevolge subartikel (1) geskut is, buiten 'n hond wat ingevolge subartikel (1)(b) geskut is, kan verkoop of van kant gemaak word nadat dit vir ten minste tien dae aangehou is en nadat 'n gekwalifiseerde veearts sodanige van kant maak goedgekeur het, tensy dit opgeëis en vrygelaat is ingevolge subartikel (7) of subartikel (8). Die skutmeester moet die organisasies en enige ander dierewelsynsorganisasie wat deur die raad erken word, minstens sewe dae voor die voorgenome van kant maak daarvan kennis gee.
- (10) Ondanks die bepalings van subartikel (9), kan 'n hond waarop daar beslag gelê is of wat geskut is ingevolge -
- (a) subartikel (1)(b); of
  - (b) enige bepaling van dié verordening of die bepalings van enige ander wet, en wat na die mening van die gemagtigde amptenaar –
    - (i) aan enige ongeneeslike, besmetlike of aansteeklike siekte ly of erg beseer is; of

(ii) wild, kwaai of gevaarlik is, onmiddellik van kant gemaak word.

(11) As 'n gemagtigde amptenaar van mening is dat 'n hond 'n hond is soos bedoel in die bepalings van artikel 6, kan hy of sy –

- (a) 'n kennisgewing aan die eienaar van sodanige hond laat beteken waarvolgens van sodanige eienaar vereis word om sodanige stappe te doen om sodanige oorlas/oortreding doeltreffend te verminder, en om tot bevrediging van die gemagtigde amptenaar te bewys dat sodanige hond onder behoorlike beheer aangehou word;
- (b) die hond skut en ingevolge dié artikel daarmee handel, met dien verstande dat sodanige hond nie aan die eienaar daarvan oorhandig mag word nie, tensy sodanige eienaar, binne die tydperk van tien dae bedoel in subartikel (9), bevredigende bewys aan die gemagtigde amptenaar lewer dat sodanige hond, as dit aan hom of haar oorhandig word, nie verder 'n oorlas sal wees nie en onder beheer gehou sal word.

(12) Die van kant maak van enige hond moet volgens sodanige pynlose metode geskied as wat deur 'n geregistreerde veearts goedgekeur word, en moet onder toesig van 'n gemagtigde amptenaar plaasvind.

(13) Die opbrengs van enige verkoop moet gebruik word om alle koste verbonde aan sodanige verkoop en skut van sodanige hond te delg.

(14) Nóg die raad nóg die gemagtigde amptenaar nóg enige werknemer van die raad is aanspreeklik vir of ten opsigte van enige besering of siekte wat opgedoen word deur of skade veroorsaak aan enige hond tydens die beslaglegging daarop, skut, aanhouding, verkoop of van kant maak daarvan ingevolge dié verordening.

#### **Omheining van eiendom**

8. Geen persoon mag 'n hond aanhou as sy of haar perseel nie behoorlik en toereikend omhein is om sodanige hond binne te hou as dit nie aan 'n leiband is nie, tensy die hond op 'n ander wyse op die eiendom gehou word, en op met dien verstande dat sodanige aanhouding op die eiendom nie onmenslik na mening van die gemagtigde amptenaar is nie.

#### **Die redding van rondloperhonde**

9. 'n Persoon wat 'n rondloperhond red, moet binne vier-en-twintig uur die datum en tyd van die redding en 'n beskrywing van die hond by die raad aanmeld.

#### **Hond mag nie 'n bron van gevaar wees nie'n**

10. (1) Enige persoon wat 'n hond op enige perseel aanhou, moet sodanige hond op sodanige wyse aanhou dat dit nie 'n bron van gevaar is vir raadswerknemers wat die eiendom betree met die doel om hulle pligte uit te voer nie.

(2) 'n Kennisgewing dat 'n hond op sodanige perseel aangehou word, moet op 'n duidelik sigbare plek by elke toegangspunt tot die perseel vertoon word.

### **Verwydering van ontlasting**

11. (1) As enige hond op enige openbare straat, openbare plek of openbare pad ontlas, moet enige persoon in beheer van sodanige hond, met die uitsluiting van 'n persoon wat deur 'n gidshond gehelp word, onmiddellik die ontlasting verwyder, dit in 'n plastiek- of papiersak plaas of dit toedraai en in 'n houer plaas wat vir die weggooi van rommel of vullis voorsien word, met uitsluiting van 'n persoon wat deur 'n gidshond gehelp word.

(2) Geen persoon mag met 'n ander hond as 'n gidshond op 'n openbare straat, openbare plek of openbare pad gaan stap sonder om genoeg plastiek- of papiersakke of toedraaimateriaal byderhand te hê waarin die ontlasting van die hond geplaas kan word ingeval die hond ontlas nie.

### **Sterilisasië**

12. (1) 'n Gemagtigde amptenaar kan 'n hond steriliseer as hy of sy dit nodig ag-

- (a) in die belang van die hond se welsyn;
- (b) om 'n oorlas te verhoed;
- (c) wanneer die hond rondloop;
- (d) op versoek van die eienaar,

en die koste daarvan kan van die eienaar verhaal word.

(2) Die eienaar van 'n gesteriliseerde hond moet by 'n geregistreerde veearts bewys kry dat die hond gesteriliseer is en sodanige dokument op aanvraag aan enige ongemagtigde amptenaar kan toon.

### **Aanwysing van openbare plekke waar honed vrylopend kan wees of aan leibande moet wees of verbode is**

13. Die raad kan openbare plekke aanwys met toepaslike kennisgewingborde waar honed vrylopend kan wees of aan leibande moet wees of verbode is, en hierdie aanwysings kan wissel na gelang van die tyd van die dag en seisoen.

## **HOOFSTUK DRIE**

### **KATTE**

#### **Beperking op getal katte**

14. (1) Die raad mag bepaal hoeveel katte op enige perseel aangehou mag word.

(2) In afwesigheid van 'n bepaling gemaak ingevolge die bepalings van subartikel (1), en onderhewig aan die bepalings van subartikel (3) en (4), mag geen persoon –

- (a) vier of meer katte ouer as ses maande op enige perseel aanhou of laat aanhou nie;

(b) ses of meer katte op 'n landbou-eiendom aanhou of laat aanhou nie;

(3) (a) Die bepalings van artikel 2(3), met die uitsondering van paragrawe (d), en (f) van subartikel (3), gelees met die nodige veranderinge, is van toepassing.

(b) Vir die doeleindes van die toepassing van die bepalings van artikel 2(3) ingevolge paragraaf (a) –

(i) word paragraaf (b) daarvan geag na 'n katteroof te verwys;  
en

(ii) paragraaf (c) daarvan geag te verwys na katgriep en  
katasemhalingsiektes.

(4) 'n Persoon uit wie se sorg 'n kat voorheen verwyder is of wat 'n vroeëre kriminele veroordeling of siviele uitspraak ten opsigte van 'n dier in sy of haar sorg het, mag nie 'n kat aanhou nie, tensy die raad andersins bepaal.

(5) Die bepalings van artikels 4, 5 en 7 gelees met die nodige veranderinge, is ten opsigte van katte van toepassing.

(6) Geen persoon mag enige kat aanhou wat nie op sy/haar halsband of op sy of haar mikroskyfie 'n naam, telefoonnommer en fisiese adres of verwysing na 'n vereniging vir die voorkoming van wreedheid teenoor diere of geregistreerde dierewelsynsorganisasie het nie.

#### **Raad se bevoeghede om katte te steriliseer**

15.(1) 'n Gemagtigde amptenaar mag 'n kat laat steriliseer as hy of sy dit nodig ag-

(a) in die belang van die kat se welsyn;

(b) om 'n oorlas te verhoed;

(c) wanneer die kat rondloop;

(d) op versoek van die eienaar,

en die koste daarvan kan van die eienaar verhaal word.

(2) Die eienaar van 'n gesteriliseerde kat moet by 'n geregistreerde veearts bewys kry dat die kat gesteriliseer is en sodanige dokument op aanvraag aan enige ongemagtigde amptenaar kan toon.

#### **In bewaring neem van katte**

16. (1) 'n Gemagtigde amptenaar of 'n persoon wat daartoe gemagtig is deur 'n persoon, liggaam of struktuur bedoel in paragraaf (c) of (d) van die definisie van raad kan, met die doel om 'n kat te skut, 'n kat in bewaring neem wat strydig met artikel 14 aangehou word.

(2) Die bepaling van artikel 7, gelees met die nodige veranderinge, is van toepassing daarop om katte in bewaring te neem.

- (3) Die raad kan die nodige stappe doen om te sorg dat katte gevang word.

## HOOFSTUK VIER

### WERKPERDE

#### Permitte om werkperde aan te hou

17.(1) (a) Enige eienaar wat 'n werkperd wil laat werk, moet by die raad om 'n permit vir sodanige werkperd aansoek doen.

- (b) Slegs een permit mag ten opsigte van 'n werkperd uitgereik word.

(2) 'n Aansoek ingevolge subartikel (1) moet skriftelik en op 'n voorgeskrewe vorm wees, en moet vergesel word van –

- (a) die voorgeskrewe gelde;
- (b) dokumentêre bewys dat die werkperd geskik is om 'n bespanne voertuig (wat deur 'n dier getrek word) te trek.

(3) Die raad kan vereis dat die aansoeker nadere inligting verskaf wat hy toepaslik ag om 'n ingeligte besluit te maak.

(4) Die raad kan weier om 'n aansoek ingevolge subartikel (1) te oorweeg ten opsigte waarvan daar nie aan die bepalings van subartikel (2) voldoen is nie of as inligting bedoel in subartikel (3) nie verstrekkend is nie.

(5) Die raad kan dalk slegs 'n aansoek ingevolge subartikel (1) oorweeg by ontvangs van 'n skriftelike verslag van 'n gemagtigde amptenaar –

- (a) of die werkperd waarvoor die permit nodig is, waarskynlik 'n oorlas op 'n openbare plek sal veroorsaak, en of sy gebruik 'n oortreding van artikel 19 tot gevolg sal hê;
- (b) waarin die resultate van 'n inspeksie van die werkperd en sy werktoestande uiteengesit is; en
- (c) of 'n werkperd voorheen uit die aansoeker se sorg verwyder is, en of hy of sy 'n vroeëre kriminele veroordeling of siviele uitspraak ten opsigte van 'n dier in sy of haar sorg teen hom of haar het.

(6) Die raad kan 'n aansoek ingevolge subartikel (1) van die hand wys of dit ewig aan enige voorwaardes wat daarop gemik is om die risiko daarvan te verminder dat 'n oorlas op 'n openbare plek voorkom, voortgesit word of weer voorkom, of om sodanige risiko tot 'n peil te verminder wat vir die raad aanvaarbaar is.

(7) 'n Persoon wat om 'n permit ingevolge subartikel (1) aansoek gedoen het, mag 'n werkperd nie in afwagting van die uitslag van sodanige aansoek, sonder 'n permit laat werk nie.

(8) Ten opsigte van enige aansoek wat ingevolge subartikel (6) goedgekeur is, moet 'n gemagtigde amptenaar 'n permit op 'n voorgeskrewe vorm uitreik wat elke voorwaarde spesifiseer wat deur die raad opgelê is.

(9) 'n Permit is nie oordraagbaar van een eienaar na 'n ander nie.

#### **Wysing, opskorting en kansellasië van permitte**

18. Die raad kan, na oorweging van 'n verslag en aanbeveling deur 'n gemagtigde amptenaar of veearts, deur middel van skriftelike kennisgewing aan die houër van 'n permit bedoel in artikel 17 -

- (a) sodanige permit wysig, opskort of kanselleer as hy oortuig is dat versuim om dit te doen, sou lei tot –
  - (i) die skepping of voortsetting van 'n oorlas op 'n openbare plek; of
  - (ii) 'n voortgesette oortreding van enige bepaling van artikel 19;
- (b) dadelik daardie permit wysig, opskort of kanselleer as sodanige amptenaar van mening is dat dit dringend nodig is om dit te doen om daardeur 'n wesenlike risiko wat 'n oorlas op 'n openbare plek inhou, vir die publiek uit te skakel of te verminder.

#### **Beheer van werkperde**

19. Geen persoon wat 'n werkperd laat werk, mag -

- (a) toelaat dat die werkperd op enige openbare plek is terwyl dit nie 'n bespanne voertuig kan trek nie;
- (b) toelaat dat die werkperd 'n gevaar uitmaak vir verkeer wat enige openbare straat gebruik nie;
- (c) die werkperd toelaat om 'n bron van gevaar of besering, of na sy of haar wete waarskynlik 'n bron van gevaar of besering, uit te maak vir enige persoon wat 'n openbare straat gebruik nie;
- (d) toelaat dat die werkperd op enige openbare straat of openbare plek is nie, behalwe wanneer dit onder sy of haar beheer is;
- (e) enige werkperd laat werk wat nie die naam, telefoonnommer en adres van sy of haar eienaar aan het nie;
- (f) toelaat dat enige werkperd enige voertuig trek of enige harnas gebruik wat nie aan die SABS-standaarde en –kriteria voldoen nie wat van tyd tot tyd deur die raad afgekondig word.

### Beslaglegging op, skut en van kant maak van werkperde

